

**ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**

Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)**2023 NSC CHIEF MARKER'S REPORT**

<b>SUBJECT</b>	<b>Afrikaans Home Language</b>		
<b>QUESTION PAPER</b>	1	2	③
<b>DURATION OF QUESTION PAPER</b>	3 Hours		
<b>PROVINCE</b>	Eastern Cape		
<b>DATES OF MARKING</b>	12 December – 20 December		

**SECTION 1: (General overview of Learners Performance in the question paper as a whole)**

- Die leerders het oor die algemeen goed gevaar.
- Statistiek volgens die 100-skrif-steekproef.

1.1 66%	2.1 59%
1.2 61%	2.2 64%
1.3 61%	2.3 60%
1.4 59%	2.4 62%
1.5 70%	2.5 43%
1.6 66%	2.6 61%
1.7 67%	
1.8 64%	

Gemiddeld van 100-skrif steekproef: 62%

- Daar was 'n groot genoeg verskeidenheid onderwerpe om van te kies.
- Daar is ongelukkig nog sentrums waar daar te min tyd en aandag aan stelwerkonderrig geskenk word. Veral die ontleding van die onderwerp, beplanning en redigering moet aandag ontvang.
- Daar is ook nog sentrums waar te min onderrig in formele transaksionele skryfstukke plaasvind.
- Dit is opvallend dat daar nie vanjaar gevalle opgemerk is waar leerders skryfstukke voorberei het en dit eenvoudig by 'n onderwerp ingeforseer is nie.

- Dit was ook opvallend dat die kandidate minder bespiegelende opstelle geskryf het.
- Die meerderheid kandidate kies om verhalende en beskrywende opstelle te skryf. Alhoewel hierdie genre opstelle meer suksesvol is, is die aanloop dikwels te lank en kom daar gewoonlik te laat by die onderwerp uit.
- Swakker kandidate skryf nog steeds bespiegelende opstelle en in die najaag na die korrekte hoeveelheid woorde, raak die inhoud herhalend.
- By die transaksionele stukke is dit duidelik dat kandidate nog merendeels met die formele register en formaat van stukke sukkel.
- Dit is opvallend dat kandidate met paragraafbou sukkel. Daar is te veel hoofgedagtes in een paragraaf. Die kandidate behoort meer onderrig en oefening in die skryf van paragrawe te ontvang. Die kandidate behoort onderrig te word dat 'n paragraaf slegs 'n enkele hoofgedagte bevat.
- Daar was min kreatiwiteit in die samestelling van paragrawe en sinne, bv. sinne of paragrawe wat net uit een woord bestaan of paragrawe wat net een sin bevat.
- Die gebrek aan kreatiewe leestekengebruik was opvallend. Bittermin kandidate het dubbelpunte, kommapunte, aandagstrepe en kommapunte gebruik.
- Kandidate was ook nie kreatief in die gebruik van tipografie in hul skryfstukke nie.
- Baie kandidate het met die formele register gesukkel.
- Dit is verontrustend dat so baie kandidate net twee skryfstukke geskryf het.

## SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions

### QUESTION 1

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

#### VRAAG 1

#### OPSTELLE

##### 1.1 "... maar Meneer, my flikkerlig was aan..."

Die vraag is meestal betreklik goed beantwoord. Ongelukkig het sommige kandidate se opstel meestal uit 'n dialoog bestaan. Boonop is die dialoogvorm verkeerd aangewend. Dikwels het die opstelle 'n lang aanloop gehad en is daar eers in die slotparagraaf na die onderwerp verwys. Die opstelle wat wel aangebied is, was gewoonlik verhalend van aard. Geen opstelle wat figuurlik benader is, is gevind nie.

##### 1.2 Nóú is my kans ...

Hierdie was beslis die gewildste keuse. Die meeste kandidate se opstel het daaroor gehandel dat

matriek voltooi is en dat dit nou hul kans is om 'n nuwe fase in hul lewe te betree. Meestal is al die

dinge genoem waaraan hulle beplan om aandag te gee. Enkele kandidate het werklik uitstekende kreatiewe opstelle oor die kans om moord te pleeg, weerwraak te neem, ens. geskryf. Soms het kandidate net oor hul toekomsplanne geskryf en nagelaat om aan te dui hoekom dit juis nou hul kans is. Dit was dus waardeverminderend. Min werklike kreatiewe opstelle is opgelewer.

### **1.3 Onthou-oomblikke maak jou lewe die moeite werd.**

Hierdie was ook 'n gewilde keuse. Gewoonlik is net 'n lang lys oomblikke wat die moeite werd is om te onthou gelys. Ongelukkig is daar meestal net frases gebruik. Min opstelle het verder as dit ontwikkel. Kandidate het nie hier baie punte verdien nie. Etlike kandidate het die opstel as Onthou: oomblikke benader of as geleentheid.

### **1.4 Pasop, dink voor jy sink!**

Enkele kandidate het hier oor 'n ervaring toe hulle amper verdrink het, geskryf. Dit was die vraag waarin die kandidate die swakste gevaar het. Sommige kandidate het oor die gevolge van verkeerde keuses geskryf. Daar is gewoonlik net op die "dink" gefokus. Die "sink" het selde aandag geniet. Daar was dus min figuurlike opstelle. Hierdie vraag is nie goed beantwoord nie.

### **1.5 "Ek kry koud op my eie**

#### **ek soek net 'n bietjie warmte."**

Bittermin kandidate het vir hierdie onderwerp kans gesien. Enkele goeie opstelle is opgelewer waarin verdieping plaasgevind het. Enkele kandidate het die onderwerp letterlik geïnterpreteer en daarna verwys dat hulle in 'n yskas vasgesit het. Sommige kandidate het bloot die lirieke neergeskryf en enkele woorde van hul eie bygevoeg.

**Die visuele prikkels was nie so gewild as in die verlede nie. Dit is dus duidelik dat hierdie prikkels nie tot die meeste kandidate gespreek het nie.**

### **1.6 Olifante**

Daar is meestal goeie opstelle oor hierdie visuele prikkel geskryf. Enkele goeie feite-opstelle oor olifante is aangetref. Sommige kandidate het bloot oor 'n reis deur die land of 'n vakansie geskryf en dan is daar bloot genoem dat olifante waargeneem is.

### **1.7 Slot en sleutel**

Hierdie was die gewildste visuele prikkel. Min opstelle oor die letterlike slot en sleutel is gevind. Die kandidate het meestal oor "die sleutel tot sukses" geskryf. Slegs enkele letterlike opstelle is gevind. Die punte was hier gemiddeld tot hoog.

### **1.8 Motor op afgrond**

Die minste kandidaat het hierdie vraag gekies. Enkele kandidaat het humoristies probeer skryf, maar dit was nie geslaag nie. Van die opstelle aangebied oor die prikkels, het die kandidaat hier die minste punte verdien.

## **VRAAG 2**

### **TRANSAKSIONEEL**

#### **2.1 E-pos**

Hierdie vraag was baie gewild. Kandidaat het nie so goed in hierdie vraag gevaar nie weens foutiewe interpretasies en omdat die opdrag soms net gedeeltelik uitgevoer is.

#### **2.2 Informele brief**

Hierdie was verreweg die gewildste keuse en die meeste kandidaat het gemiddeld tot baie goed in hierdie vraag presteer.

#### **2.3 Tydskrifartikel**

Kandidaat het hierdie vraag gekies omdat hulle met sosiale media en hierdie toep bekend is. Hulle het egter nie goed gevaar nie.

#### **2.4 Formele toespraak**

Hierdie was 'n gewilde keuse omdat die kandidaat vertrouwd is met toesprake. Kandidaat het gewoonlik gemiddeld in hierdie vraag gevaar.

#### **2.5 Agenda en notule**

Slegs enkele kandidaat het hierdie vraag beantwoord. Dit was beslis nie gewild nie. Dit is duidelik dat die meerderheid leerders nie hiermee vertrouwd is nie.

#### **2.6 Dialoog**

Hierdie was 'n baie gewilde keuse en die meeste kandidaat het gemiddeld tot goed in die vraag gevaar. Daar was egter ook probleme. Die meeste kandidaat het die dialoogformaat goed hanteer.

**(a) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

**1.1 "... maar Meneer, my flikkerlig was aan..."**

Die vraag is meestal betreklik goed beantwoord. Ongelukkig het sommige kandidate se opstel meestal uit 'n dialoog bestaan. Die dialoogvorm is gewoonlik verkeerd aangebied. Dit was dus waardeverminderend. Verkeerde interpretasies van die onderwerp is nie aangetref nie. As gevolg van die swak sosiaal-ekonomiese omstandighede van die meeste van ons kandidate, besit min gesinne 'n motor en het min kandidate al ooit bestuur. Dit het beslis die gehalte van hul antwoorde negatief beïnvloed en verklaar waarom minder kandidate die onderwerp aangepak het.

### **1.2 NÓÚ is my kans ...**

Hierdie was beslis die gewildste keuse. Die meeste kandidate se opstel het daarvoor gehandel dat

matriek voltooi is en nou is dit hul kans om 'n nuwe fase in hul lewe te betree. Soms is dinge net genoem wat hulle nou, na skool, gaan aanpak. Sommige kandidate het nooit verklaar waarom juis "nou" nie. Enkele kandidate het werklik uitstekende kreatiewe opstelle oor die kans om moord te pleeg, weerwraak te neem, ens. geskryf. Die opstel het gewoonlik 'n baie lang aanloop gehad. Die meeste kandidate het weer hierdie inligting in hul informele briewe gebruik. Kandidate het die akuut op nÓÚ mis gelees.

### **1.3 Onthou-oomblikke maak jou lewe die moeite werd.**

Gewoonlik is net 'n lang lys oomblikke wat die moeite werd is om te onthou neergeskryf. Ongelukkig is daar meestal net frases gebruik. Min opstelle het verder as dit ontwikkel. Kandidate het gevolglik nie baie punte verdien nie. Die inhoud was baie herhalend. Kandidate het oor geleenthede geskryf en oomblikke waar dit nodig was om iets te onthou, bv. hulle leerwerk in die eksamen. Sommige kandidate het onthou-oomblikke nie as 'n samestelling gesien nie, maar as twee woorde.

### **1.4 Pasop, dink voor jy sink!**

Enkele kandidate het hier oor 'n ervaring toe hulle amper verdrink het, geskryf. Daar is soms geskryf oor verkeerde keuses wat 'n negatiewe impak op hul lewe gehad het en ander persone is dus gewaarsku om nie dieselfde pad te loop nie. Daar is gewoonlik net op die "dink" gefokus. Die "sink" het selde aandag geniet. Daar was dus min figuurlike opstelle. Hierdie vraag is nie goed beantwoord nie. Dit was die vraag met die laagste gemiddeld.

### **1.5 "Ek kry koud op my eie**

#### **ek soek net 'n bietjie warmte."**

Bittermin kandidate het vir hierdie onderwerp kans gesien. Slegs enkele goeie opstelle is opgelewer wanneer verdieping plaasgevind het. Enkele kandidate het die onderwerp letterlik geïnterpreteer as dat hulle na hitte smag nadat hulle in 'n yskas vasgesit het. Ongelukkig was enkele kandidate vertrouwd met die lirieke en het dit bloot oorgeskryf.

## **1.6 Olifante**

Daar is meestal goeie opstelle geskryf. Hier is gewoonlik opreg oor moederliefde of die verhouding tussen 'n moeder en kind geskryf. Goeie feite-opstelle oor olifante is ook aangetref. Sommige opstelle was swak omdat daar min op olifante en dit wat met olifante geassosieer word gefokus is, maar oor 'n vakansie/reis geskryf is. Daar is net terloops daarna verwys dat hulle ook olifante gesien het. Daar is nie altyd in die opstel na die prikkel verwys nie.

## **1.7 Slot en sleutel**

Hierdie was die gewildste visuele prikkel. Min opstelle oor die letterlike slot en sleutel is gevind. Sulke opstelle het meestal oor ontsnapping gegaan. Die leerders het meestal oor "die sleutel tot sukses" geskryf omdat soortgelyke prikkels al in die verlede gevra is. Kandidate het oor die slot en sleutel geskryf, maar hulle inhoud sou eerder by 1.2 (Nou is my kans) gepas het. Die punte was hier gemiddeld tot hoog.

## **1.8 Motor op afgrond**

Die minste kandidate het hierdie vraag beantwoord en dit is ook die visuele prikkel waarin die kandidate die minste punte verdien het. As gevolg van die sosiaal-ekonomiese omstandighede van die meeste van ons kandidate, besit min gesinne 'n motor en het min kandidate al ooit bestuur. Dit het beslis die gehalte van hul antwoorde beïnvloed. Die onderwerp is gewoonlik eers in die laaste paragraaf aangespreek wat ook waardeverminderend was. Soms is gepoog om humoristies te wees, maar dit was meestal nie geslaag nie.

## **VRAAG 2**

### **TRANSAKSIONELE STUKKE**

#### **2.1 E-POS**

Hierdie vraag was baie gewild. Kandidate het nie altyd so goed in hierdie vraag gevaar nie weens foutiewe interpretasies en omdat die opdrag soms net gedeeltelik uitgevoer is. Daar was veral probleme omdat die begroeting en slot weggelaat is. Kandidate het dikwels die gehoor aangespreek en met die eerste sin op dieselfde reël begin. Die slot is merendeels weggelaat of was informeel van aard. Soms is net op geldinsamelingspogings gekonsentreer. Die "handuit ruk" is gereeld as die matrieks se swak gedrag geïnterpreteer. Kandidate het met die formele formaat en formele taalgebruik gesukkel. Dit blyk dat al die kandidate nie met die term "beheerliggaam" vertrouwd is nie.

#### **2.2 INFORMELE BRIEF**

Hierdie was verreweg die gewildste keuse en die meeste kandidate het gemiddeld tot baie goed in hierdie vraag presteer. Die meeste kandidate het die formaat geken. Daar was soms probleme met die hooftekengebruik by die aanspreek van die ouer/voog. Sommige kandidate het vergeet om die brief af te sluit. Vraag 1.2 se inhoud is meermale hier benut. Soms is die adres nie gebruik nie, miskien omdat kandidate gevoel het hulle woon tog saam met die aangesprokenes. Kandidate het soms formele register gebruik, bv. geagte en afgesluit met hul handtekening en van.

### **2.3 TYDSKRIFARTIKEL**

Kandidate het hierdie vraag gekies omdat hulle met sosiale media bekend is. Hulle het egter nie goed gevaar nie. Die meeste kandidate kon nie die formaat van die tydskrifartikel baasraak nie. Probleme is ook met die register ondervind. Dit was nie altyd duidelik wie hul teikengehoor was nie. Soms is daar net in die algemeen oor sosiale media geskryf. Dikwels het kandidate net inligting gegee. Daar was selde 'n bevredigende slotparagraaf. Min leerders het die skrywer se naam aangedui.

### **2.4 Formele toespraak**

Hierdie was 'n gewilde keuse omdat die kandidate vertrou is met toesprake. Kandidate het gewoonlik nie baie goed in hierdie vraag gevaar nie. Daar was probleme met die register en formaat. Dikwels is net een lang paragraaf geskryf. Heelwat mistastings is aangetref, veral omdat sommige kandidate net 'n verwelkomende toespraak geskryf het. "Mislukking" is dikwels gesien as nie die skoolreëls gehoorsaam nie. Daar is ook op die noodsaak van goeie verhoudings in die skool gefokus.

### **2.5 Agenda en notule**

Slegs enkele kandidate het hierdie vraag beantwoord. Dit was beslis nie gewild nie. Dit is duidelik dat die meerderheid leerders nie hiermee vertrou is nie. Die formaat en register was problematies. So het die meeste kandidate nie geweet waarna "lief en leed" verwys nie omdat hulle meer vertrou met die term "Personalia is." Die kandidate het uit die aard van die saak baie swak in hierdie vraag presteer.

### **2.6 Dialoog**

Hierdie was 'n baie gewilde keuse. Die meeste kandidate het die dialoogformaat bemeester. Daar was egter ook interpretasieprobleme. Soms is net oor beurtkrag en die probleme daaraan verbonde geskryf en glad nie na gesinne verwys nie. Daar was ook soms mistastings, bv. party kandidate het oor onverwante sake soos selfdood geskryf. Swak taalgebruik het soms die skryfstukke ontsier. Daar was veral probleme met die gebruik van die hoofletter by aanspreekvorme en informele aanspreekvorme en uitroepe. Sommige kandidate het nie die woord "benader" in die opdrag verstaan nie. Sommige kandidate het soveel woorde aan

die begroeting en gesels oor koeitjies en kalfies spandeer, dat daar min woorde oor was om oor die onderwerp te skryf. As gevolg van kandidate se sosio-ekonomiese omstandighede het hulle nie die woord "gesin" verstaan nie en is hulle nie vertrouwd met alternatiewe tydverdryf saam met 'n gesin tydens beurtkrag nie.

**(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

**Omdat Vraestel 3 die meeste punte tel, en dikwels deurslaggewend is om te bepaal of leerders gaan slaag of nie, behoort meer aandag aan die onderrig van stelwerk gegee te word.**

- Onderwysers moet leerders dikwels die geleentheid gee om te skryf.
- Kandidate moet geleer word om instruksies deeglik te lees en uit te voer. Daar is nog hopeloos te veel kandidate wat net twee stukke skryf.
- Dit was ook opvallend dat daar te veel kandidate was wat nie hul tyd goed beplan en benut het nie. Soms is té veel tyd aan beplanning bestee en kon die finale stuk glad nie voltooi of mee begin word nie.
- Kandidate moet geleer word hoe om onderwerpe te analiseer, te beplan en dan daaroor te skryf.
- Dit kom té dikwels voor dat kandidate nie aan al die aspekte van die onderwerp aandag skenk nie. Kandidate moet met ou vraestelle oefen en leer om aan al die dele aandag te skenk.
- Swakker kandidate moet aangemoedig word om eerder verhalende opstelle te skryf en dan ook oor 'n situasie wat aan hulle bekend is. Te veel bespiegelende opstelle word opstelle vol spookasem – sonder enige substans.
- Lang, lomp sinne lei tot growwe foute en veroorsaak dat die kandidate onnodig punte verloor. Daar moet reeds vanaf graad 8 hieraan gewerk word.
- Paragraafbou verdien meer aandag. Daar is steeds stukke wat uit 'n enkele paragraaf bestaan. Die meeste kandidate gebruik nie paragrawe wat net uit 'n enkele woord of sin bestaan nie.
- Onderwysers kan leerders ook laat oefen om net 'n inleidende paragraaf of net 'n slotparagraaf te skryf sodat dit by mekaar pas.
- Kandidate moet onderrig word in watter toon, register en styl by watter genre transaksionele tekste behoort.
- Daar word te veel bloot frases geskryf.
- Leerders se woordeskat is baie beperk. Algemene woorde en uitdrukkings behoort voortdurend onderrig te word, bv. "versorg" i.p.v. "agter jou kyk", jy "open" 'n onderneming en maak dit nie oop nie, mense wat jou afdruk, om iets te bekom,
- Onderwysers behoort vir leerders die Afrikaans van gewilde Engelse uitdrukkings leer, bv. vir "awesome". 'n Woordelys kan bygehou word.
- Woordorfoute was algemeen, veral t.o.v. die posisie van die werkwoord. Dit is ook duidelik dat min kandidate kennis dra van: "Tyd, Wyse, Plek."



- Taalgoggas soos: *Ek sê vir myself/ Ek dink by myself, In vandag se tyd ..., Ek dink persoonlik ..., Ons as mense...*, behoort al in die jonger grade uitgeskakel te word.
- Stel die leerders bekend aan uitstekende opstelle en ontleed dit saam met hulle.
- Sommige kandidate benut nie die antwoordboek voldoende nie.
- Leerders moet by die voorgeskrewe lengte hou. Baie leerders het baie lang stukke of baie kort stukke geskryf.
- Bespreek die rubrieke met die kandidate sodat hulle weet waaraan hulle aandag moet skenk.
- Moedig kandidate aan om oorspronklikker te wees.
- Onderwysers moet kandidate leer dat 'n slot die stuk moet afsluit en saamvat, maar ook soms 'n verrassende hoogtepunt moet wees.
- Sommige kandidate verval in steurende mooiskrywery. Dit moet ontmoedig word. Hierdie opstelle is oorversier en kom onnatuurlik voor.
- Kandidate moet geleer word hoe om visuele prikkels te interpreteer en oor die volledige prikkel te skryf.
- Leerders moet ernstig ontmoedig word om woorde soos: *awe, bra, chomma*, te gebruik.
- Leestekengebruik moet onderrig word.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Die voornaamwoorde is merendeels verkeerd gebruik, bv. **Na dit (Daarna)** wil ek 'n werk kry. *Hoe voel jy oor dit (Daaroor)?*,
- Voorsetselgebruik: *Ek gaan **aan** die Universiteit studeer, **Ten** volle, **in** plaas **van**, vra **om** verskoning, saam **met***
- Leerders moet op die verkeerde lettergreepverdeling gewys word, bv. *opge-e*,
- Sommige kandidate is geneig om 'n lang aanloop te hê en eers in die slot by die onderwerp aan te spreek. Leer leerders om reeds by die tweede paragraaf met die onderwerp besig te wees.
- Die kandidate het soms nie op al die aspekte wat in die titel genoem is, gefokus nie. Oefen gereeld die ontleding van onderwerpe.
- By bespiegelende opstelle het leerders se gebrek aan woordeskat en oneffektiewe herhaling hul skryfstukke verskraal.
- Swakker kandidate het 'n geneigdheid om frases te herhaal, bv. *Ons as mense, in die wêreld waarin ons leef, Persoonlik dink ek, in vandag se dae.*
- Die gebruik van soos en so pla, bv. *Soos ek ry, sien ek ... So ek dink ons ...*
- Kandidate het vanjaar baie Engelse woorde bloot tussen aanhalingstekens geskryf, bv. *awesome, loadshedding, reverse, shopping, swot, board games, ens.* Engelse aanhalings het ook gereeld voorgekom, soos: *You only live once.*
- Lang, lomp sinne ontsier skryfwerk en lei tot foutiewe woordorde.
- Die gebruik van oormatige dialoog in opstelle was steurend. Dit is foutief gebruik.

Verskeie spreekbeurte is in een paragraaf geskryf.

- Soms was swakker kandidate se opstelle té lank of té kort.
- Die gebrek aan kreatiewe leestekengebruik was opvallend. Bittermin kandidate het dubbelpunte, kommapunte, aandagstrepe en kommapunte gebruik.
- *My ma het ja gesê/ My ma het ingestem.*
- In die formele register word *u-hulle* i.p.v *u* gebruik.
- Baie kandidate het nie hul briewe en e-posse afgesluit nie.
- Die gebruik van *van* i.p.v. *want* raak 'n al hoe groter probleem.

- **Spelfoute**

- Verwarrende woorde:

*Pyl/peil, reis/rys, waardeer/waardeer, bydra/bydrae, een dag/eendag,*

*vervelig/verveeld, dus/dis, vir ewig/verewig, eindelik/eintlik, voorsien/omsien,*

*sin/s'n,*

*dokter/dogter, somer/somer, op soek/ op soek, vrae/vra, bydra/bydrae,*

*julle/hele*

- Algemene spelfoute:

*universiteit, beter, hallo, leuens, onmiddellik, kursus, sukses,*

*terug, tipe, gewoon, hartseer, onmoontlik, spandeer, dadelik, finansieel,*

*finansiële, rêrig, regtig, op pad, huis toe, oukei, gunstelingonderwyser, afbreuk,*

*ewe*

*skielik, nog steeds, onbeskof, definitief, bietjie, familie, anders, topkandidaat*

- 'n Verkleinwoord moet na die gebruik van *klein* kom, bv. "'n klein huis**ie**,
- Stuur groete i.p.v. Sê groete.
- Weglaat van die lidwoord  
**Die** meeste, **die** helfte, '**n**\_bietjie, '**n**\_mens, '**n** bietjie
- Verkeerde gebruik van "ge-", bv. geondersteun, geverstaan, gehersien, geontvang
- Gebruik afkortings in opstelle en dialoë.
- *In realiteit* i.p.v. *In die werklikheid...*
- Skryf getalle onder 20 nie uit nie, bv. Oor 7 jaar ...
- Die gebruik van "gewees". *Dit was my verjaardag gewees.*
- Gebruik soos i.p.v. *toe/terwyl* soos, bv. Soos ek bestuur, dink ek ...
- Die verkeerde gebruik van trappe van vergelyking, bv. *meer vriendelik, mees gewildste*
- *My een vriend...* (Jy het dus net een vriend). I.p.v. *Een van my vriende...*, *Engels onderwyser(vakgebied)/ Engelse onderwyser(huistaal/nasionaliteit)*
- Die gebruik van hoofletters:  
*Liewe Pa, Ek wil vir Mamma..., Geagte Ouers en Graad 8-leerders, Ek wil u versoek om die huidige formaat, Here, ek bid dat U my gebed sal verhoor.*
- Die gebruik van kommas

*Eerstens,*

*Om die regte besluit te neem moet jy ..."* geen komma na die infinitief nie.

Die komma na of voor die aanspreekvorm is selde gebruik.

Daar is min kere kommas na 'n tussenwerpsel gebruik.

- Woordorderfoute was algemeen, veral t.o.v. die posisie van die werkwoord. Dit is ook duidelik dat min kandidate kennis het van: "Tyd, Wyse, Plek."
- SMS-taal kom steeds voor: *manet, pale, kla, ma*, Die gebruik hiervan moet vanaf graad 8 ontmoedig word.
- *Liewe;/ Van:* kom steeds in briewe voor.
- Die plaas van die komma voor *maar* en *want* het gewoonlik ontbreek en is dikwels aan die begin van 'n reël geplaas.